



## Gebed

Gebed is 'n integrale deel van ons lewens as gelowiges. Ons bid oggend, middag en aand. Ons bid voor maaltye en daarna. Sommige skole se akademiese termynne word met gebed begin en geëindig. Ons bid wanneer ons bly is, wanneer ons bang is. Die frekwensie van gebed word nie noodwendig in ons teologiese nadenke weerspieël nie. Ons aanvaar so baie, verwag die vreemde. Dit is in baie gevalle waar dat gebed net 'n rite, 'n handeling geword het wat in die ritme van ons dag plaasvind sonder dat ons self met oorgawe deelneem. In tye van krisis bid mense soms baie meer en stort hulle meer van hulself in die gebede en smeking in. Daar ontstaan selfs geloofskrisisse omdat gebede verhoor word of nie. Kom ons gaan ondersoek gebed van nader om tot 'n beter verstaan van gebed te kan kom.

Wat is gebed? Een onpersoonlike en eendimensionele antwoord voorgestel uit die *Interpreter's dictionary of the Bible* stel 'n breë definisie van gebed; "gebed is die poging tot gesprek met God met of sonder bemiddeling van geestelikes of hemelwesens. Gebed is meestal verbaal, maar nie noodwendig nie. Die doel met die daarstel van persoonlike kontak is om die aard of verloop van die verhouding met God te verander, of om 'n eie situasie te verander. Gebed se benadering en doelwitte sal bepaal word deur die manier waarop God se aard verstaan word".

Van hierdie elemente wat aangedui is, maak sin, maar ander moet vir doel-

eindes van 'n gesprek oor Christelike gebed verder omskryf word. Gebed as persoonlike kommunikasie met God is op 'n paar werklikhede gefundeer. Die eerste is dat God homself aan die mens openbaar het as 'n persoonlike God, met ander woorde 'n God wat in persoonlike verhouding met die volk en die enkeling staan. Die tweede werklikheid is dat God homself openbaar het as die een wat gebede hoor (en verhoor).

Daarmee saam moet ons weet dat God op heilshistoriese wyse optree. Anders gestel, God gryp in op besondere maniere op besondere tydstippe van die geskiedenis, Hy is bo die geskiedenis, maar tree tog ook op in die geskiedenis. God kan met ander woorde die verloop van die geskiedenis verander. Net so het God as Skepper ook mag oor die natuur en kan Hy ingryp in die natuurprosesse. Teen hierdie agtergrond is dit logies dat gebed as persoonlike kommunikasie sal verwys na God se handeling met 'n hoop en verwagting dat ons hier 'n verskil sal sien. Ons bid ook net tot God. Geen mens kan aanbid word nie.

Dwarsdeur die Bybel vind ons dat 'n eerste en belangrike deel van gebed te make het met lofprijsing van God. Hierdie lofprijsing word gegrond in God se genadige daade in die verlede. Herinnering van die self, ander, en ja ook God is telkens deel van die gebede in veral die Ou Testament. Vorige daade van genade word onthou en voorgehou as rede vir uitbreiding van die genade. Om God te loof en te prys is geen vleidaad deur heuning om die mond te

smeer nie, dit is eerlike erkenning van die heerlikheid en mag van God. Laat ons woorde daarom min wees want God is in die hemel en ons is hier op aarde. Ons moet ook daarteen waak om 'n stortvloed van woorde op welsprekende manier met gebed te verwar. God ken ons harte. Dit is daarom geen wonder nie dat die een wat in die openbaar bid, klaar gekry het wat hy wou. Mense het hom raakgesien. Tog aanvaar ons op grond van God se woord dat Hy self luister na ons gebed, met ander woorde teenwoordig is by geleentheid van gebed.

Jesus self het net op kritieke oomblikke gebed, voor groot gebeurtenisse. Wat wel duidelik is, is dat dit moontlik is om in enige situasie sonder huiwering tot God te nader.

God se uitreik na die mens omdat God vir ons lief is, roep ons op tot antwoord op hierdie liefde. Geloof is nie genoeg nie, intendeel, dit is deur handeling dat ons geloof bevestig word. 'n Belangrike deel van ons antwoord op God se liefde geskied deur gebed. Gebed is die antwoord op die Evangelie deur die mens wat hom in gebed tot God wend. Ons menslike antwoord op die Goddelike Woord is die "ek" en "ons" wat kniel voor die Goddelike troon in ons aanbedding deur God as "U" aan te roep. Gebed is "ek/ons" in gesprek met "U".

Die doksologie as die lofprysing van God se heerlikheid is die eerste en belangrikste deel van ons verootmoediging in gebed voor God. Die lofprysing is in God se wese en God se daade gegrond en nie in menslike gedagtes of projeksies nie. Dit is spesifiek God se heilsdade, maar ook die Skepping wat lofprysing waardig is.

Dit is daarom belangrik dat ons sal let op ons taalgebruik. Gebed kom wel uit die hart, maar die verstand is aktief en intens betrokke by die gebed. Indien ons lof aan God gerig is, moet ons taalpatrone dit ook aandui. God moet verheerlik word omdat al heerlikheid aan Hom behoort en daarom loof ek Hom. Met ander woorde ons bede: 'Ek verheerlik U naam' moet eintlik stel; "Aan U kom alle heerlikheid toe en ons besing U heerlikheid". God se wese word deur Hom bepaal, nie deur ons denke of reaksies nie.

### **Ons Vader ...**

Wie die "Onse Vader" bid, doen so omdat hulle die boodskap van Jesus aanvaar het. Om God as Vader – *Abba* – aan te spreek, kan 'n mens net doen indien Jesus se boodskap verstaan word. Die "Onse Vader" is tegelyk ook die kort samevatting van dit wat Christus ons geleer het. Anders gestel, hierdie gebed som in kort die boodskap en lewe van Christus op; om in Jesus naam te bid is om instemming te betuig. Jesus se modelgebed het ook die geldige struktuur van gebed geword. Ons verstaan ook oor watter sake ons met vrymoedigheid kan bid. Jesus het nie net die dissipels leer bid nie, maar ook riglyne daargestel vir die kerk van alle tye.

Gebed as toenadering tot die een en enigste God impliseer dat gebed gelowiges op 'n besondere manier verenig – die ware betekenis van 'ekumenies'. Almal bid tot "ons" Vader, elk in eie taal, elk met eie pleitdooie en metafore, elk binne 'n eie tradisie. Gebed verenig mense oor kerkgrense heen. Dit beteken nie dat kerke nou skielik organisatories moet verenig nie,

dit beteken net dat daar in gebed 'n eenheid bestaan wat deur God bewerkstellig word omdat hy na al sy kinders luister.

Die modelgebed is geen poging om 'n beperking op die reikwydte van gebed daar te stel nie. Hierdie modelgebed is nie die allesomvattende en allesbepalende van gebed nie. Jesus self het baie meer en soms baie anders gebid. Met hierdie gebed word daar ook nie 'n allesomvattende belofte oor die verhooring van 'n gebed gemaak nie. Hierdie gebed het ook die kiem van erkenning dat ons die vryheid van God nie ken of kan inperk nie. Ons bedede dat God se koninkryk moet kom, spreek onder andere die begeerte uit dat die wederkoms moet plaasvind. God se versekering is dat dit wel gaan plaasvind. Ons bedede bind God nie tot die 'wanneer' van die Wederkoms nie.

Die reikwydte van gebed is eintlik grensloos. Ons kan bid in die binnekamer, in die tronk, op die sinkende skip in die stormagtige see, in die kerk en eintlik enige plek denkbaar. Daar is geen voorskrif ten opsigte van die tyd of tydsduur wat ons moet bid nie. In die Ou Testament lees ons van drie gebede per dag, in die Nuwe Testament lees ons van tye van isolasie en gebed, veral deur Jesus in die aande. Dit kom daarop neer dat ons enige tyd kan bid, vir enige tydsverloop mag bid. Geen stophorlosie gaan aandui dat ons nou lank genoeg gebid het nie. Tog leer die Bybel ons dat ons kort gebede moet aanbied. Gebed se inhoud word in die Onse vader breedweg aangedui, en tog kan ons God nader oor enige saak. Ons lees van mense wat in verskillende posisies met verskillende liggaamshoudings gebid het.

Oë toe, oë wawyd oop, staande, besig om te kniel, plat op die maag, met die hoof vooroor gebuig, hande gevou en selfs met arms oop en die oë na die hemele gerig. Konsensus in 'n gemeente of gesin oor die gebedposisie is nie so belangrik nie as wat dit is om te weet dat dit God Almagtig is met wie die gesprek gevoer word.

Gebed het geen vaste vorm nie. God se gesprek met Abraham loop uit op 'n onderhandeling wat, ten spyte van Abraham se beste poging, tog uitloop op die vernietiging van Sodom. Jakob se gebed loop uit op 'n ooreenkoms en verbintenis (Genesis 28:20-22).

Ons moet 'n onderskeid tref tussen hoor, verhoor en gehoorsaam. Gelowiges sou so graag wou dat God gehoorsaam moet wees. God hoor alle gebede, en verhoor alle gebede. Wat bedoel ons met die woord "verhoor"? Die EWA (Etimologiewoordeboek van Afrikaans) stel: "*Beantwoord. Uit Ndl. verhoren (al Mnl. in bet. 1, 1526 in bet. 2), 'n afleiding met ver- van horen "hoor, aanhoor, luister na"*. In die konteks van teologie en besonder die nadenke oor gebed moet ons verstaan dat dit gaan oor die aanhoor van gebed, daarvoor besluit en dan die besluit tot uitvoer bring. Elke gebed word verhoor, met ander woorde God hoor elke gebed aan. Dan besluit God (oorweeg) oor die bedede. Dan tree God op; soms deur te gee waarvoor gepleit is dadelik of eers later, soms deur niks (volgens ons begrip) te doen nie en soms deur die besliste "Nee" waarvan ons nie hou nie. Dit kan selfs gebeur dat God anders en beter gee as dit waarvoor gebid is. Punt is dat God ons gebede aanhoor. Sy reaksie is die

punt van krisis in baie mense se geloofslewe.

Om te bid is om dankbaar God se wil te aanvaar. Wat is God se wil? Johannes 3:16-17 stel: *“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word”*. God se wil het met ons saligheid te make.

Ons weet God hoor alle gebede aan (verhoor) en daarom kan ons stel; gebede wat nie verhoor (gehoorsaam) word nie, is gebede wat gebaseer is op selfsugtige versugtinge (Jakobus 4:3 *“As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig”*). Ons moet onthou dat gebed ons belangrikste vorm van dankbaarheid is. Die Heidelbergse Kategismus behandel met reg gebed onder die derde afdeling naamlik; blye dankbaarheid. Ons is dankbaar omdat ons in Christus gered is en omdat die lewe wat Hy gee, die enigste lewe is. Om dit te verduidelik, kan ons gebruik maak van die organiese eenheid wat in die Johannes Evangelie verduidelik word. Christus is die ware wynstok. Ons groei uit Hom en kan alles van Hom vra. Tog gaan ons nie iets vra wat Hy nie van nature kan gee nie omdat Hy van nature alles gee wat ons nodig het om te oorleef. Anders gestel moet ons aanvaar dat enige versoek in Jesus naam sal onthou dat Jesus se gawes aan ons genade, hoop, liefde en veral die ewige lewe is.

Daar is in die Bybel duidelike voorbeelde van mense wat gesmeek het en tog nie

ontvang het nie. Dawid het gesmeek dat die kind wat hy by Batseba verwek het, sal lewe. Na die dood van die kind het Dawid steeds getrou die Here gedien. Paulus erken dat hy by herhaling (drie maal) gesmeek het dat hy verlos word van 'n duiwel, 'n doring in die vlees (II Korintiërs 12:7vv). God se genade is inderdaad genoeg vir ons almal. Die geskiedenis van die kerk is deurspek met die gebede en smeking van gelowiges wat nie die uitkoms gebring het waarna hulle so gesmeek en gesmag het nie. God se verhoring het baie maal gelyk na doofheid, en tog het dit wat na “onverhoorde” gebede gelyk het, baie maal die stoutste verwagtinge oortref en telkens is God se krag in swakheid volbring.

Gebede wat verhoor word, het nie noodwendig altyd positiewe gevolge nie. Wees versigtig in wat jy vra, God mag jou dalk net gee wat jy vra. So byvoorbeeld het die volk gevra (gebid) vir 'n koning. God gee eindelijk aan hulle koning Saul. Die koningshuis se begin het die einde van die God-regering ingelui. Skade, skande en baie belastings sou volg. Soveel belastings dat Salomo se seun die ryk sou laat skeur oor belasting.

Daar is mense wat getroue aan die Griekse filosofie glo dat alles in hierdie lewe in yster gegiet is. Ons moet volgens van Niftrik 'n onderskeid tref tussen die veranderlikheid en die onveranderlikheid van God. God is onveranderlik ten opsigte van sy wese. God bly aan Homself getrou. God is liefde. Dit sal nie verander nie. God kan ook van plan verander. Ons lees voor die vloed dat Hy jammer was dat Hy die mens geskep het. In gesprek met

Abraham kan Abraham (gedagtig aan die onveranderlike Liefde) met God onderhandel (die veranderlike van God) en 'n uitkoms vir Sodom versoek. Dit was die onveranderlike wese van God wat gemaak het dat Jesus se smeking in Getsemane nie 'n uitkoms gelever het nie. Jesus moes sterf sodat ons kan lewe.

Ons lees in die Bybel dat ons 'n plig het om voorbidding te doen. Ons moet bid vir ander mense. Ook vir die owerheid sodat die owerheid so kan regeer dat ons in vrede kan lewe. Moses het voorbidding vir die volk van God gedoen. Ons kan voorbidding doen vir almal wat ons ken, vir alle sake waarby ons belang het. Ons moet net die prioriteite en motiverings reg hou. Ons is verseker van die ewige lewe en daarom loof ons God. Ons kan alle ander sake van tydelike belang aan God opdra, selfs die gesondheid van ons geliefdes.

Die Heidelbergse Kategismus handel ook oor gebed. Uit die vrae en antwoorde net sekere opmerkings:

*Sondag 45 **Vraag 116:** Waarom is die gebed vir die Christene nodig?*

**Antwoord:** *Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis: En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.*

Daar is reeds gestel dat gebed ons dankbaarheid toon. Wat 'n vreugde om in persoonlike gesprek met die Here van die here te mag wees. Hy het altyd tyd en luister graag na ons. Ons gebede is daarom nie pligsuitvoering en nederige erkenning dat ons van Hom afhanklik is nie, dit is dankbare erkenning van Wie God is.

**Vraag 117:** *Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?*

**Antwoord:** *Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid.*

God het Homself aan ons openbaar en dit maak gebed moontlik. Ons moet van harte bid, wat beteken ons moet met ons volle menswees instaan vir dit wat ons bid.

*Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig.*

Diep bewus van ons eie situasie, word ons juis aangemoedig om tot God te nader. Ons sal dan ook nie eise stel en verwagtings koester wat veronderstel dat God onder ons beheer is nie.

*Ten derde het ons hierdie vaste grond dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het.*

God gaan getrou aan sy Woord, aan elkeen van ons bede aandag skenk. Hy gaan dit oorweeg teen die agtergrond van dit wat Hy aan ons openbaar het.

**Vraag 118:** *Wat het God ons beveel om van Hom te bid?*

**Antwoord:** *Alle geestelike en liggaamlike behoeftes **wat Christus saamgevat het**, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het.*

Ons kan letterlik met alles voor God gaan staan, maar nie alles dra dieselfde gewig nie. Die wonderlike is nie dat God hierdie towerstokkie het wat maak dat Hy ons in alles bevredig nie. Die wonderlike van Gebed is dat ons ten spyte van wie en wat ons is, met ons volle wese en al ons nood en vreugde tot God mag nader.

Ons sou op verskillende maniere oor die verhoor van gebede die saak moeilik kon maak, byvoorbeeld: *Twee spanne gaan op die veld meeding. Al twee spanne bid opreg. Wie gaan wen? Daar kan net een wenner wees! Gaan die meer opregte span wen? Verhoor God die een span se gebed en ignoreer die ander span?*

Geloof bly die mees persoonlike aspek van ons geloofslewe. Enige opmerkings gemaak, is met huiwering gemaak in die vertrouwe dat dit Skrifgetrou is en lidmate sal help om hulle gebedslewe te verstaan en uitbrei. Kom ons kyk 'n volgende keer na die modelgebed.



## WAT SÊ DIE BYBEL WERKLIK OOR HOMOSEKSUALITEIT?

### **Oorsake van Homoseksualiteit**

Daar is 'n legio moontlike redes waarom mense homoseksueel gebore kan word of later homoseksueel kan word. Die invloed van "die pil" (geboorte beperking), ander medikasie, hormonale manipulasie van voedsel, die emosionele blootstelling van die ongebore baba aan die moeder se gemoedstoestand, die moontlike bestaan van 'n "homoseksuele gene", is alles sake wat reeds wêreldwyd intens nagevors word as moontlike redes waarom homoseksuele persone "só gebore word".

Omdat dit nie onder alle omstandighede daartoe aanleiding gee nie, word bespiegel dat ongesonde verhoudinge tussen 'n ouer en kind en ongebalanseerde verhoudinge tussen twee ouers, kan bydra tot geslags-onsekerheid. Wanneer 'n moeder byvoorbeeld haar man op 'n daaglikse basis as 'n nikswerd voor die kinders afmaak, kan 'n dogter grootword met die idee dat net vrouens emosionele sekuriteit kan bied, en kan 'n seun lewenslank op soek kan wees na 'n vaderfiguur wat vir hom geborgenheid kan bied. Ook as die vader letterlik of figuurlik afwesig is.

Die blootstelling van kinders onder die ouderdom van 14 jaar aan seksuele- of homoseksuele aktiwiteite, -beeldmateriaal, -verleiding, -molestering of -verkragting, mag só 'n blywende indruk op hulle laat, dat dit onvermydelik hulle seksuele gedrag as adolessente en volwassenes kan beïnvloed. Meisies en vrouens wat deur perverse mans seksueel verneder is, of fisies en emosioneel mishandel is, mag intuïtief 'n

veilige ruimte by iemand van dieselfde geslag gaan soek. Heteroseksuele persone wat seksueel verslaaf is, mag nuwe avontuur gaan soek in homoseksuele aktiwiteite. Persone wat onder die invloed van dwelms is, sal wanneer hulle 'n seksuele behoefte ontwikkel, wie ookal gebruik wat naby is, ongeag of dit iemand van dieselfde geslag is of nie. Daar is ook 'n opgetekende geval in Frankryk waar die gebruik van 'n bepaalde medikasie, tydelike homoseksuele gedrag by 'n volwasse, getroude heteroseksuele man tot gevolg gehad het.

Die indruk dat die oorwig van homoseksueel-georiënteerde persone nie gekies het om só te wees nie, behoort heteroseksuele mense te laat besef dat daar 'n baie groot emosionele onsekerheid, spanning en stryd by homoseksuele persone leef. Ook hulle het 'n groot behoefte aan God se liefde en aanvaarding, mense se (gewone) liefde en aanvaarding en 'n onderliggende vrees om verwerp te word.

### **'n Christelike standpunt oor Homoseksualiteit?**

Alhoewel alle Christene veronderstel is om die Bybel as finale maatstaf te gebruik, is Protestante ("susterskerke") per belydenis onlosmaaklik daartoe verbind. Die metode waarvolgens 'n Bybelse standpunt voorberei word, is om die Nuwe Testamentiese getuigenis as die finale waarheid te aanvaar, maar ook uitsprake in die Ou Testament in ag te neem in soverre dit nie deur die Nuwe Testament opgehef is nie.

### **Die Ou Testament**

(Vir woorde se betekenisvelde is gebruik gemaak van die woordeboeke van Koehler & Baumgartner, Gesenius en Strongs.)

Genesis 1:27 – Die Skeppings-orde: “*God het die mense geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.*” Daarby ook die opdrag om vrugbaar te wees, wat slegs moontlik is tussen persone van die teenoorgestelde geslag.

Ons lees in Genesis 2:24 dat God, ná die skepping van die man en die vrou, opdrag gee dat “*die man en die vrou aan mekaar sal vasklou, en liggaamlik een sal word*” (וַיִּבְרָא אֱלֹהִים אֱדָם וַיִּשְׂאֵלָהּ וַיִּבְרְכוּ אֱלֹהִים אֶת הַיּוֹם הַהוּא וַיִּקְרָא אֱלֹהִים אֶת הָאָדָם אָדָם כִּי שָׂאֵלָהּ אֶת אֶתְמוֹתָיו וְהָיָה אֶתְמוֹתָיו אֶת אֶתְמוֹתָיו וְהָיָה אֶתְמוֹתָיו אֶת אֶתְמוֹתָיו).

Een van die redes waarom die Here God se woede teen Sodom só opgebou het dat Hy die stad en sy inwoners vernietig het, was die algemeen-aanvaarde praktyk (Genesis 19:4) dat mans “*oud en jonk*” vrylik seksueel met mekaar verkeer het. Só dring hulle agressief en dreigend by Lot daarop aan (vs 5) om die twee engele (mans) beskikbaar te stel sodat hulle hulle “*intiem kan leer ken*” (וַיִּבְרְכוּ אֱלֹהִים אֶת הַיּוֹם הַהוּא וַיִּקְרָא אֱלֹהִים אֶת הָאָדָם אָדָם כִּי שָׂאֵלָהּ אֶת אֶתְמוֹתָיו וְהָיָה אֶתְמוֹתָיו אֶת אֶתְמוֹתָיו וְהָיָה אֶתְמוֹתָיו אֶת אֶתְמוֹתָיו), waarna die engele die mans met blindheid geslaan het, en die stad met vuur en swael verwoes is.

In Levitikus 18:1,22 sê die Here God “*n man mag nie by ‘n man lê asof hy by ‘n vrou lê nie*” (וְאֵת זָכָר לֹא תִשָּׁב מִשְׁכְּבֵי אִשָּׁה) en dat Hy (die Here God) dit “*weersinwekkend, walglik, veragtelik, afskuwelik, haatlik*” (תוֹעֵבָה) vind.

In Levitikus 20:1,13 sê die Here God dat, “*indien ‘n man by ‘n ander man lê asof hy by ‘n vrou lê*”, beide van hulle doodgemaak moet word. (Die argument is nie of hulle doodgemaak moet word nie, maar of homoseksuele dade deur God goed- of afgekeur word.)

Ons lees in Deuteronomium 23:17, 1 Konings 14:24, 15:12, 22:41, en Hosea 4:10-19 dat manlike (homoseksuele)

prostitusie (זְנוּת) verbied, uitgeroei en veroordeel word .

Die Sewende Gebod (Eksodus 20:14; Deuteronomium 5:18) bepaal dat ‘n mens nie inbreuk mag maak op die seksuele voorskrifte wat God voorgeskryf het nie: *Één man, één vrou, lewenslank.* Om homoseksualiteit te beoefen, is ‘n oortreding van hierdie gebod.

### **Die Nuwe Testament**

(Vir woorde se betekenisvelde is gebruik gemaak van die woordeboeke van Liddell & Scott, Walter Bauer en Strongs.)

Jesus bevestig in Matteus 19:4,5 en Markus 10:6-8 dat, omdat die Here God met die skepping man en vrou gemaak het (sien Genesis 1:27 en 2:24 hierbo), dit onverkort die geldende norm bly: ‘n Man is vir ‘n vrou gemaak, en ‘n vrou is vir ‘n man gemaak. Hierdie “*Skeppings-ordening*” vorm deurgaans die basis waarop die Bybel seksuele verhoudinge beoordeel.

Ons lees in Romeine 1:26-27 van vroue en mans wat, teenstrydig met die fisiologiese aard en bedoeling van hulle geslagsorgane (φυσικὴν χρῆσιν), ‘n onblusbare seksuele begeerte om seksueel met iemand van dieselfde geslag intiem te verkeer (ἐξεκαύθησαν ἐν τῇ ὀρέξει αὐτῶν εἰς ἀλλήλους), ontwikkel het. Dit word beskryf as *vals, bedrieglik, ‘n misleiding en lynreg in botsing met hoe die Here God dit bedoel het* (πλάνης). Hulle *onweloweglike, aanstootlike, onbehoorlike, ongepaste, onbetaamlike optrede* (ἀσχημοσύνη) bring vir hulle die verdienende straf en vergelding (ἀντιμισθίαν) vir hulle dade.

Die res van die Nuwe Testamentiese getuienis behels 3 woorde wat op 18 plekke voorkom:

**Πόρνος** (pórnos) het die grondbetekenis van “*om te verkoop*” en word in Nuwe



Testamentiese Grieks gebruik vir 'n <sup>1</sup>Skandknaap “catamite” (seun wat deur 'n man aangehou is vir seksuele gebruik), manlike prostituut, sodomiet, <sup>2</sup>'n man wat egbreuk pleeg, <sup>3</sup>'n man wat seuns seksueel molesteer. Πορνός kom voor in 1 Korintiërs 5:9,10,11 en 6:9; Efesiërs 5:5; 1 Timoteus 1:10; Hebreërs 12:16 en 13:4; Openbaring 21:8 en 22:15.

In 1 Korintiërs 5:9-11 verbied Paulus die gelowiges om vriendskapsbande te hê met mense wat hierdie vorme van onsedelikheid bedryf. In hoofstuk 6:9, Efesiërs 5:5, Hebreërs 13:4, Openbaring 21:8 en 22:15 word gewaarsku dat mense wat dit bedryf, nie deel sal kry aan die Koningryk van God nie. In 1 Timoteus 1:10 sê Paulus dat dit teen die wet van God is. Hebreërs 12:16 moedig gelowiges aan om mede-gelowiges te help dat hulle dit nie doen nie.

Variante in die Bybel, πορνευω, πορνεία en πορνή verwys na seks voor/buite die huwelik, seks met 'n voorheen geskeide persoon, seks met bloedfamilie, prostitusie, seks met 'n dier, seksverslawing, losbandigheid en ook as metafoor vir die aanbidding van afgode. Dit sluit ook homoseks in.

Die meervoud πορνοί kom voor in Openbaring 21:8 en 22:15 en dien as versamelnaam wat nie net praktiserende homoseksuele persone insluit nie, maar ook al die onaanvaarbare seksuele praktyke wat hierbo genoem is. Al diesulkes word gewaarsku dat hulle lot met die Oordeelsdag die poel sal wees wat met vuur en swael brand, en dat hulle buite die nuwe stad Jerusalem sal wees.

Μαλακός (malakós) het die grondbetekenis van “*verwyfd, verfynd*”. Die gebruik van die woord verwys na 'n manlike persoon wat tydens 'n

homoseksuele daad die ontvanger is/vroulike rol vervul. Dit verwys ook na duur klere, of die verfynde kleredrag wat mans aantrek om ander mans seksueel mee te prikkel, na manlike seksslawe en manlike (homoseksuele) prostitute. Die woord kom voor in Matteus 11:8 (2x), Lukas 7:25 en 1 Korintiërs 6:9. In Matteus 11:8 sê Jesus dat Johannes die Doper nie sulke “*deftige klere*” aangetrek het nie. In 1 Korintiërs 6:9 sê Paulus dat mans wat die vroulike rol in 'n homoseksuele verhouding vertolk, nie gered sal word nie. In vers 11 impliseer hy dat daar gemeentelede is wat vroeër só was, maar hulle intussen bekeer het.

Ἀρσενοκοίτης (árseno-koítes) is 'n manlike vorm met die grond betekenis van “*man*” plus “*bed*”. Die gebruik van die woord verwys na 'n man wat 'n bed deel met 'n ander man asof dié 'n vrou is, 'n sodomiet. D.w.s. die man wat die manlike rol vervul in 'n homoseksuele daad. Die woord kom voor in 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10. In 1 Korintiërs 6:9 sê Paulus dat mans wat die manlike rol in 'n homoseksuele verhouding vertolk, nie gered sal word nie. In vers 11 impliseer hy dat van die gemeentelede vroeër daardie rol vervul het, maar hulle intussen bekeer het. In 1 Timoteus 1:10 beskryf hy mense wat homoseksualiteit beoefen as mense wat hulle nie aan God se wet en orde steur nie.

AL die bogenoemde gevalle word afgewys as gedrag wat vir God onaanvaarbaar is en met die finale oordeel gestraf gaan word indien mense hulle nie daarvan bekeer nie.

### **Die Suid-Afrikaanse debat**

Die pogings om homoseksuele verhoudinge aanvaarbaar te probeer maak, en die Bybelse getuigenis oor homoseksualiteit kragteloos te maak, steun op die volgende argumente:

1. *“Die Bybeltekste wat op homoseksuele verhoudinge van toepassing gemaak word, is verkeerd vertaal en word verkeerd geïnterpreteer. Dit verwys slegs na homoseksuele verkragting en manlike prostitusie.”*

Hier is 'n ope geleentheid om die vertaling en interpretasie van die tekste, soos dit hierbo gedoen is, te betwis. Daar sal egter ook aangedui moet word waar in die geskiedenis van die Christelike Kerk die Bybeltekste anders geïnterpreteer is, en waar praktiserende homoseksualiteit binne die Kerk openlik aanvaar is. Ten spyte van die Bybeltekste hierbo behandel, is daar leiersfigure in godsdienstige organisasies wat waag om te verklaar dat daar *“nêrens in die Bybel tekste is wat homoseksuele verhoudinge verbied nie”*. Daar is selfs sommiges wat, lasterlik, beweer dat Dawid en Jonatan, Jesus en Johannes *“meer as net goeie vriende”* was.

2. *“Persone wat homoseksuele verhoudinge veroordeel, tree liefdeloos, ‘judgemental’ en homofobies op, en is besig met gruwelike diskriminasie. Julle berooft mense van hulle menswaardigheid.” “Julle is eintlik mense wat julle eie onderbewussyns-homoseksualiteit onderdruk.” “Terwyl die eko-sisteem rondom ons besig is om in duie te stort, kibbel die kerk of gays welkom in die kerk is of nie.” “God is aan die kant van gemarginaliseerdes soos die LGBT’s.” “As Jesus nou hier was, sou Hy gesê het dat julle verkeerd is om homoseksuele verhoudinge te verbied.”*

Die krag van hierdie aanvalle op die integriteit van persone wat onbeskaamd die Bybelse getuienis verkondig, lê in die vermoë wat dit het om mense emosioneel op te sweep teen diegene wat as 'n klomp skynheilige boelies voorgelou word.

Die Humanistiese terminologie wat gebruik word, wys egter uit dat daar wegbeweeg word van die Bybel en hoe Humanisme as Christelike geloof aangebied word. Humanisme plaas die mense en sy aardse geluk voorop, en val alles aan wat dit bedreig. Met die menslike behoeftes as vertrekpunt, projekteer hulle 'n godheid wat strydig is met hoe God Homself in die Bybel openbaar. Vir Humaniste maak dit nie saak of daar 'n Ewige Lewe is of nie. Wat vir hulle belangrik is, is die aardse lewe en die geluk wat jy daaruit kan kry. Eerder as om te erken dat hulle afskeid geneem het van die Christelike geloof, maak hulle goedgelewige mense van die Waarheid afvallig, terwyl hulle voorgee dat hulle namens God praat. Dieselfde geld vir (Afrikaans-sprekende) mense wat betower is deur 'n bepaalde filosofie of ideologie soos feminisme, liberalisme, mistisisme, humanisme: Hulle het die volste reg daartoe! Maar hulle het nie die reg om voor te gee dat hulle Bybel-gegronde Christene is nie. Feit is dat hierdie mense die Bybelse waarhede ondermyn en die verlossing wat Jesus Christus gebring het, probeer vernietig.

3. *“Baie gays is diep Christene en word van 'n goeie verhouding met God ontnem.”*

Indien daar teen homoseksueel-georiënteerde persone gediskrimineer word wat selibaat lewe, is hierdie beskuldiging moontlik gegrond. Maar indien daar na persone verwys word wat in dieselfde-geslag verhoudinge leef, is dit nodig om Bybelse duidelikheid te kry oor wat 'n “Christen” werklik is.

'n Christen glo dat die Vader, Seun en Heilige Gees die enigste ware God is. Dat God Hom genoegsaam in die Bybel openbaar, en dat die Bybel as sodanig die hoogste en finale gesag is. Gemeet aan die inhoud van die Bybel, is 'n

Christen bewus van sy eie persoonlike swakhede, het berou daarvoor en pleit by God om deur Jesus Christus se offer vergewe te word. Dan begeer só iemand om met hart en siel, uit diepe dankbaarheid, in alles aan die Here gehoorsaam te wees ...om maar net 'n paar sake uit te lig.

Die Christelike godsdiens bestaan uit geloof en daad: Geloof raak ons opvattinge oor Wie God is, en daad verwys na hoe God van ons verwag om te lewe. As lieg, steel of rondslapery jou swakhede is, erken jy dit en veg met jou hele wese daarteen. Wanneer 'n mens se geloof, lewe en strewing nie ooreenstem met die Bybel nie, is jy nie 'n Christen nie. Presies dieselfde geld vir die persoon wie se swaakheid homoseksuele begeertes is. As jy as Christen gereken wil word, kan jy nie homoseksuele gedrag as 'n ononderhandelbare reg opeis nie.

4. *“Die kerke se onverbiddelike houding teenoor homoseksualiteit, is die oorsaak van talle selfmoorde.” “Indien die kerke nie praktiserende homoseksueles gaan akkommodeer nie, gaan die kerk hulle verloor.” “Indien die kerk volhard met sy rigiede standpunt oor homoseksualiteit, gaan die kerk homself irrelevant maak in die wêreld.” “As Christene só liefdeloos en veroordelend optree, stel ek nie belang om 'n Christen te wees nie.” “Indien die kerke nie gehoor gee aan oproepe dat homoseksuele verhoudinge volledig aanvaar moet word nie, sal ons ons tot die Grondwetlike hof wend.”*

Hier is vyf tipiese maniere waarmee die kerk gedreig en afgepers word om afstand te doen van sy Bybelgegronde oortuiging. As dit selfdood is wat voorkom moet word, waarom nie maar eksamens, finansiële skuld, en verbrekings van verhoudinge as liefdeloos veroordeel nie? Dit is ook nie die kerk se taak om getalle op te bou of

te behou nie, maar om 'n Godvresende geloofsgemeenskap te wees. Selfs toe die kerk se getalle beduidend was, kon die kerk nie 'n duik maak in die wêreld nie. Is 'n Skrifgetroue kerk nie maar nog altyd irrelevant in 'n goddelose wêreld nie? Selfs nou, in wat deur baie as 'n krisis-tyd beskou word, dwaal kerke al hoe meer om net so sondig soos die wêreld te word. Is 'n Christelike kerk verleë oor iemand wat van buite af wil voorskryf wat sy waardes en optrede behoort te wees, eerder as om Bybelse norme en waardes te wil aanvaar? Doen enige iemand die Here 'n guns om by Sy kerk aan te sluit? Wat die Grondwet betref: Dit is 'n heidense grondwet! Miskien die hoogste politieke gesag, maar wie sal sy geloof vir aardse voordeel verloën? Mense pers eintlik vir God af: *“As jy wil hê dat ek in jou moet glo, moet jy praktiserende homoseksualiteit goedkeur!”*

5. *“Wie is julle om te oordeel? As jy sonder sonde is, tel die eerste klip op!”*

Johannes 8:7 word dikwels misbruik om mense te intimideer om stil te bly oor jou eie, jou familie of vriende se sondige optrede. Het Jesus die sonde van die vrou goedgekeur, of het hy vir haar gesê om op te hou met haar verkeerde leefwyse (vs 11) en só vir haar eintlik 'n tweede kans gegee om gered te word? 'n Verdere feit is dat daar 'n Oordeelsdag gaan kom wat die “Hiernoumaals” gaan beeïndig en die “Hiernamaals” in vervulling sal laat gaan. Dit is ook 'n feit dat baie voorstanders van vrye seksuele oriëntasie nie aan 'n oordeelsdag glo nie, en só hulle buite die Christelike geloof stel, terwyl dit steeds Christene is wat hulle lewensonderhoud finansier, en die geloofsakker die plek is waar hulle hulle eie private koninkrykies oprig.

6. *“Homoseksuele persone is só gebore. God het hulle so gemaak. Hulle*

*het daarom 'n reg om hulle homoseksualiteit uit te leef."*

Bo-en-behalwe dat elke Christen glo dat hulle onvolmaak gebore is en geneig is om eerder hulleself te handhaaf as om aan God gehoorsaam te wees, impliseer die navorsing dat die moontlike oorsake van 'n homoseksuele-oriëntasie verband hou met die gevolge van menslike optrede. Boonop bied hierdie aanspraak vir rondslapers, diewe, moordenaars, verkragters, pedofiele, vroueslaners, korrupte politici, ens 'n "God-gewilde" rede waarom hulle toegelaat moet word om te doen wat hulle doen. Van wanneer af is die Bybelse opdrag tot "selfbeheersing" nie van toepassing op die sonde van homoseks nie?

7. *"Die grootste gebod is die liefde. Homoseksuele persone moet toegelaat word om dieselfde-geslag liefde uit te kan leef, solank hulle net liefdevol en getrou in hulle verhouding is."*

'n Mens kan nie betekenis aan Bybelgedeeltes gee buite die Bybel om nie. Telkens wanneer hierdie stelling in die Bybel gemaak word, verwys dit óf opsommend na die eerste vier Gebooie, of word gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie daardeur geïmpliseer. Dit is nie Bybels, Christelik of Protestants om Bybelse uitsprake oor liefde, genade, ens te interpreteer asof dit 'n streep kan trek deur die duidelike Bybelse uitsprake oor praktiserende homoseksualiteit nie. Selfs wanneer iemand die Bybelse getuienis hieroor wil relativer en tydsgebonde verklaar, bevind hulle hulself reeds buite die Christelike geloofsgemeenskap.

8. *"'n Internasionaal-gerespekteerde en bekroonde teoloog, professor doktor Soen-so, het gesê..."*

Sogenaamde teoloë wat weet dat hulle hulle nie vir hulle standpunte op die

Bybel kan beroep nie, skep graag die indruk dat die persone wat hulle aanhaal om hulle standpunt te ondersteun, internasionaal-gerespekteerde (gelowige) wetenskaplikes is. 'n Christen hoef egter nie daarvoor te val nie, want oor die saak van praktiserende homoseksualiteit, gee die Bybel baie duidelike leiding.

9. *"Soos die uitsprake in die Bybel dat die aarde plat is en op vier pilare staan, is daar baie uitsprake in die Bybel waarvan die waarheid tydsgebonde is. Die uitsprake oor homoseksualiteit is só 'n uitspraak."*

Almal weet dat die uitspraak oor die plat aarde 'n geografiese uitspraak was wat in lyn was met die wetenskaplike kennis van daardie tyd. Die tegniek wat hier gebruik word, is om een foutiewe stelling te gebruik om 'n ander waarheid verdag te maak, sonder dat dit met mekaar verband hou. Hoe oortuigend kan dit wees?

10. *"Indien kerke nie optree teen lidmate wat openlik in sonde lewe nie, het hulle géén reg om op te tree teen lidmate wat in 'n homoseksuele verhouding is nie."*

Die korrekte benadering sou wees: "Net soos julle standpunt inneem teen persone wat in 'n homoseksuele verhouding is, behoort julle op te tree teen mense wat openlik in sonde lewe." God verwag dit van die ware Kerk om mense te waarsku teen 'n leefwyse wat hulle in die Hel gaan laat beland.

11. *"Oor die saak van homoseksualiteit kan daar ten minste een konklusie gemaak kan word, naamlik dat daar twee uiteenlopende denkstrome is wat direk teenoor mekaar staan wat albei vanuit die Bybel geregverdig word."*

Hierdie stelling is oneerlik en is bedoel om mense te mislei. Dit verleen aan die

“ander” standpunt – in hierdie geval dat die Bybel inklusiwiteit sou voorstaan – ‘n Bybelse geloofwaardigheid. “Inklusiwiteit” word nie deur die Bybel voorgestaan nie, omdat persone wat praktiserende homoseksuele is, buite die ryk van God geplaas word terwyl hulle só leef. Indien hierdie drog-argument as ‘n sirkel voltooi word, sou dit beteken dat praktiserende homoseksualiteit uiteindelik Bybels aanvaarbaar sou wees. Soos ander argumente, is dit bedoel om die Bybel uiteindelik te laat buikspreek. (Hierdie argument vorm die basis van ‘n tesis waarvoor ‘n doktorsgraad, nogal in die Teologie, toegeken is!)

### **Oorsig:**

Hierdie misleidende en oppervlakkige wyse van debatvoering bevorder nie gesonde teologie nie, maar baan die weg vir kerke om toenemend hulle Bybelse waardes prys te gee en soos die God-vervreemde wêreld te word. ‘n Tipiese afgodsdien! Van buite af kry ‘n mens die indruk dat die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk al stewig op pad daarheen is.

### **Slotsom**

1. *Nêrens* in die Bybel word praktiserende homoseksualiteit as aanvaarbaar aangebied nie.
2. Seksuele aangetrokkenheid teenoor ‘n persoon van dieselfde geslag is dikwels nie ‘n keuse nie. Dit is inderdaad deel van daardie persoon se natuur.
3. Die Bybel veroordeel nie mense wat homoseksuele gevoelens beleef nie, maar wél persone wat homoseksualiteit beoefen.
4. Die keuse wat ‘n persoon met homoseksuele gevoelens wél het, is tussen om dit te beoefen of om lewenslank selfbeheersing toe te pas.

5. Homoseksuele persone is ook baie hardwerkende, talentvolle, eerlike persone –

goeie mense – wat in staat is om ‘n sinvolle en suksesvolle lewe te lei, en ‘n waardevolle bydrae tot die samelewing te kan maak.

6. Homoseksuele gevoelens hoef egter nie ‘n persoon se gedagtes of lewe te oorheers nie. Die wye spektrum van voluit leef, bied genoeg verskeidenheid om

die lewe sinvol en aangenaam - buite-om homoseksualiteit - te kan maak.

7. Praktiserende homoseksualiteit word nie in die Bybel uitgelig as die enigste sonde

wat mense uit God se Koninkryk gaan hou nie. Dit word op *gelyke vlak*

veroordeel saam met *onder andere* mense wat dwaalleer verkondig en beskerm,

wie verkondig dat Jesus nie die Seun van God is nie, leuenagtig is, bedrog pleeg,

gereeld dronk word, seks voor/buite die huwelik beoefen, seks met ‘n voorheen

geskeide persoon het, moordenaars, ens.

8. Die enigste Bybelse manier om onder die oordeel van God uit te kom, is om

homoseksuele dade as onaanvaarbaar vir God te erken, op te hou daarmee, en

by God om vergifnis te pleit. Dit geld vir elke ander sonde wat ‘n mens pleeg.

9. Persone wat verkondig dat praktiserende homoseksualiteit vir God Drieëinig

aanvaarbaar is, is inderdaad dwaalleraars, wolwe in skaapklere en valse profete

en moet hulle as sodanig voorberei op die ewige straf wat die Bybel vir hulle

voorhou... ook vir die emosionele lyding wat hulle by Godvertrouende

homoseksueel-georiënteerde persone veroorsaak deur hulle te mislei en onder

die indruk te bring dat homoseksuele verhoudinge en -intimiteit vir God aanvaarbaar is.

10. Dieselfde geld onverkort vir kerke en ampsdraers wat dieselfde geslag

verhoudinge op enige wyse goedkeur: By wyse van amptelike besluite, voltrekking

van homoseksuele verbintenisse en persone wat in 'n homoseksuele verhouding

is, as lidmate en ampsdraers toe te laat. Hulle vorm deel van die valse kerk, en

deur standpunt in te neem teen die Bybelse getuienis, plaas hulle hulleself buite

die ware kerk en binne in die geselskap van antiChriste.

11. Ter wille van dit wat in die Ewige Lewe op die spel is, moet ons persone wat

homoseksueel-georiënteerd is, aanmoedig om selibaat (in onthouding) te leef,

hulle al ons liefde en ondersteuning bied, en hulle in ons gebede aan ons

Hemelse Vader opdra vir krag en volharding.

12. Daar is niks mee verkeerd om 'n baie hegte vriendskap met iemand van dieselfde geslag te hê nie.

Die Afrikaanse koerante en radiostasies wat Christelike, Bybelgebaseerde waardes aanval, en mense wat reeds hulle rug op die Christelike geloof gedraai het, gebruik in hulle godsdiens-rubrieke, moet verstaan dat hulle aanspreeklikheid moet aanvaar vir die talle homoseksuele persone wat hulle onder die indruk gebring het dat hulle vrye teuels aan hulle drange kan gee... vir die geloofs-, emosionele- en lewenskrisis wat hulle by daardie mense veroorsaak wanneer hulle moes agtergekom dat dit Bybels onaanvaarbaar is. Dieselfde geld vir persone wat leiersposisies in kerke beklee en hieroor 'n ander boodskap

verkondig as die Bybel. Sulke mense is arrogant en hulle teenwoordigheid in enige kerk maak dat sulke kerke se vermoë om gelowig met die Bybel om te gaan, bevraagteken word.

Ds Gawie Wolmarans. Oostelike Pietersburg.